Ons het opsetlik besluit om die Groep se vervaardigings-, verspreidings- en steuninfrastruktuur te ontwikkel om te verseker dat sy besighede toegerus is vir groei in 'n voortdurend meer mededingende omgewing waar inligtingvloei, produksie-aanpasbaarheid en reaksie op markbehoeftes die sleutelredes vir groei sal wees. Hierdie ontwikkelinge, tesame met die vestiging van ander gesentraliseerde dienste, genereer noodwendig koste, wat die Groep absorbeer op 'n tydstip wat groei in verkope afgeplat het. Mits hierdie en ander indirekte koste met verkoopstendense ooreenstem, bly ons daarvan oortuig dat hierdie strategie die voortgesette groei van Richemont se besighede op lang termyn sal verseker.

Richemont is daartoe verbind om die unieke aard en individualiteit van elkeen van sy 'huise' te handhaaf. Ons glo in sterkte deur diversiteit. Elke 'huis' het sy eie bepaalde identiteit, sy eie 'DNS', wat uit sy erfenis en kultuur voortspruit en dit is van kardinale belang dat elke handelsmerk die regte strategieë en hulpbronne het om daardie identiteit te versterk. Met dié doel is ongeveer €150 miljoen oor die afgelope drie jaar net in die uitbreiding van produksiefasiliteite van die Groep se horlosiehandelsmerke geïnvesteer.

Ten spyte daarvan dat ons sterk voel oor die rigsnoer van handelsmerk-onafhanklikheid doen die Groep tans stappe om daardie funksies wat die beste op 'n groepgrondslag verrig kan word, te sentraliseer. Gevolglik is funksies soos verspreiding, logistiek, streek-naverkoopsdiens, die bestuur van intellektuele eiendom, finansiering en regsdienste verder geïntegreer gedurende die afgelope jaar.

As deel van hierdie deurlopende proses is die Groep besig met die herstrukturering van sy Switserse werksaamhede om hulle op 'n gemeenskaplike platform met beter gekoördineerde steundienste byeen te bring. 'n Aantal maatskappye sal in een

Richemont, die Switserse luuksegoedere-groep, kondig sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2002 aan.

	Maart 2002	Maart 2001	
Verkope	€ 3 860 m	€ 3 684 m	+ 5%
Bedryfswins	€ 482 m	€ 712 m	– 32%
Toeskryfbare wins			
– moedermaatskappy en filiale	€ 331 m	€ 528 m	– 37%
– aandeel van geassosieerde maatskappye	€ 495 m	€ 440 m	+ 13%
– die Groep	€ 826 m	€ 968 m	– 15%
Verdienste per eenheid – ten volle verwaterde grondslag	€ 1.463	€ 1.714	– 15%
Dividend per eenheid	€ 0.32	€ 0.30	+ 7%

Bostaande finansiële resultate sluit nie die uitwerking van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items vir die twee jare in nie.

- Verkope vir die jaar het met 5 persent tot €3 860 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die insluiting vir die eerste keer van die resultate van Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne, wat in Desember 2000 verkry is, vir 'n volle twaalf maande. Op 'n soort-met-soort-grondslag het verkope met 1 persent vanaf die vorige jaar se vlak gedaal.
- Onderliggende groei in bedryfsuitgawes, buiten die uitwerking van die insluiting van die drie horlosiehandelsmerke vir die volle twaalfmaande-tydperk, was 9 persent in die jaar.
- Bedryfswins het met 32 persent gedaal, wat moeilike handelstoestande en die nadelige uitwerking van wisselkoersbewegings op die brutomarge-persentasie, tesame met 'n totale toename van 14 persent in bedryfsuitgawes, weerspieël.
- Die Groep se ekwiteitsverantwoorde aandeel van die resultate van sy investering in British American Tobacco het tot €495 miljoen toegeneem.
- Verdienste per eenheid vir die jaar op 'n ten volle verwaterde grondslag het met 15 persent van €1.714 na €1.463 gedaal.
- Die voorgestelde dividend van €0.32 weerspieël 'n toename van 7 persent.

van die Groep oor die algemeen weerspieël. Onderliggende groei in bedryfsuitgawes, buiten die uitwerking van die insluiting van die drie horlosiehandelsmerke vir die volle twaalfmaande-tydperk, was 9 persent in die jaar. Die kombinasie van die daling in die brutomarge-persentasie en die hoër vlak van bedryfskoste het tot 'n daling in bedryfswins van 32 persent gelei.

Verkope volgens produkreeks

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m	
Juweliersware	860	877	– 2%
Horlosies	1 794	1 653	+ 9%
Goue en juwelierswarehorlosies	906	834	+ 9%
Ander horlosies	888	819	+ 8%

Hoewel kleinhandelsverkope effens gedaal het, het die Groep se groothandels-verkope met 11 persent gedurende die jaar onder oorsig toegeneem. Dit weerspieël deels die groter gewig van die besighede van Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne in groothandels- in plaas van kleinhandelsverspreiding.

Gedurende jaar is die aandag daarop toegespits om te verseker dat die netwerk kleinhandelsboetieks die gees van die verskillende 'huise' in die Groep getrou verteenwoordig. 'n Beduidende getal nuwe winkels is gedurende die jaar geopen, veral deur Montblanc, en franchise-afsetpunte het aansienlik toegeneem vir Montblanc, Dunhill en Lancel. Programme van opgradering en omvorming van die winkels was ook 'n belangrike kenmerk van die jaar. Op 31 Maart 2002 het die Groep 'n netwerk van 520 winkels wat deur hom besit word en 'n verdere 342 winkels wat deur franchisevennote bedryf word, gehad.

Cartier het die Groep se grootste kleinhandelsteenwoordigheid en hoewel die totale getal winkels wat besit word nie gedurende die jaar toegeneem het nie, het hy voortgegaan om in die program van omvorming van sy boetieks te investeer. Die opgeknapte winkel in 5th Avenue, New York, beliggaam die konsep ingevolge waarvan winkels nie net die aard van die handelsmerk nie maar ook van die stad waarin hulle geleë is, weerspieël. Die winkel, wat oorspronklik in 1917 geopen is, is 'n volmaakte kombinasie van die tradisionele en die moderne.

Na aanleiding van die sukses van sy winkel in Parys wat 'n nuwe voorkoms het, het Van Cleef & Arpels ook sy winkels omvorm, insluitende dié in Japan wat aan die einde van die vorige finansiële jaar verkry is.

Montblanc gaan ook voort met die ontwikkeling van sy kleinhandelskonsep en 31 nuwe winkels wat deur die maatskappy besit word, is gedurende die jaar geopen. Hiervan was 19 in die Verenigde State, maar die ereplek behoort aan Montblanc se nuwe winkel in Japan wat in September 2001 in die Ginza-distrik geopen is. Montblanc se kleinhandelstrategie dra vrugte en die 'huis' toon sterk groei in al sy produkgebiede.

Vir Dunhill het die nuwe winkelontwerp, wat wêreldwyd geïmplementeer word, geblyk 'n simbool vir die verjonging van die handelsmerk te wees. Die nuwe voorkoms, asook die nuwe produkreekse wat aangebied word, het oor die hele wêreld byval gevind by klante. Met die opening van die winkel in New York in Maart 2002 keer Dunhill terug tot sy regmatige tuiste in die stad in 5th Avenue. Dit het in die algemeen aanklank gevind.

Gekonsolideerde wins-en-verliesrekening

Die opgesomde wins-en-verliesrekening sowel as die inligting oor verdienste per eenheid wat hieronder uiteengesit word, word aangebied op 'n aangepaste grondslag wat nie die uitwerking van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items in die resultate vir die twee jare insluit nie. 'n Rekonsiliasie van die wins-en-verliesrekening op hierdie grondslag met die resultate op 'n gerapporteerde grondslag word as 'n aanhangsel by hierdie aankondiging ingesluit.

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m
Bedryfswins	482	712
Netto beleggings(uitgawe)/inkomste	(46)	8
Wins voor belasting	436	720
Belasting	(107)	(191)
Wins na belasting	329	529
Minderheidsbelange	2	(1)

uitdiensstellings as gevolg van die integrasieproses beplan word nie. Trouens die Groep het sy werknemerbasis in Switserland, in ooreenstemming met die toenamê in sy vervaardigingsteenwoordigheid, vergroot en die Groep het dus nou ongeveer 4 800 werknemers in die hele land.

Afgesien van die integrasie van die verskillende Switserse entiteite word voorgestel dat die korporatiewe hoofkantoor van Compagnie Financière Richemont AG, wat tot op hede in Zug geleë is, na Genève verskuif word. Genève is die tuiste van 'n aantal Richemont-besighede en die Groep het dus reeds 'n beduidende teenwoordigheid aldaar. Aandeelhouers sal op die algemene jaarvergadering, wat op 12 September in Zug gehou gaan word, gevra word om die verskuiwing van die Maatskappy se geregistreerde kantoor formeel goed te keur.

Benewens sy luuksegoedere-besighede het Richemont 'n 21-persent-belang in sy geassosieerde, British American Tobacco ('BAT'). BAT presteer steeds goed en die investering het €495 miljoen tot die Groep se toeskryfbare wins vir die jaar bygedra en voorsien 'n sterk kontantvloei in die vorm van dividende.

Nadat hy sedert die stigting van Compagnie Financière Richemont AG in 1988 in die direksie gedien het en aangesien hy die ouderdom van 75 bereik het, het ons voorsitter, dr Nikolaus Senn, te kenne gegee dat hy beoog om op vanjaar se algemene jaarvergadering af te tree. Hy was deur die jare heen 'n getroue vriend en het groot wysheid en ervaring tot ons beraadslagings bygedra. Namens alle aandeelhouers en kollegas wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om hom te bedank vir sy groot bydrae tot die Groep se ontwikkeling. Die direksie van Compagnie Financière Richemont AG het my gevra om die rol van uitvoerende voorsitter by dr Senn se aftrede te aanvaar en ek sal my bes doen om daardie pligte met dieselfde mate van toewyding, takt en goedgehumeurdheid wat dr Senn oor die jare aan die dag gelê het, uit te voer.

Die eerste aanwysers vir handel in die huidige jaar is gemeng. Kleinhandelsverkope vir April en Mei het met 4 persent toegeneem, maar groothandelsverkope bly swak en gevolglik toon totale verkope in die tweemaande-tydperk feitlik geen groei nie. Hoewel ons natuurlik hoop om 'n tydperk van geleidelike herstel in die vraag te ondervind namate die jaar vorder, sal enige sodanige herstel noodwendig afhang van 'n voortgesette verbetering in ekonomiese toestande in ons vernaamste markte.

Net soos die lewe is besigheid nie 'n naelloop nie. Tog is dit ook nie 'n marathon nie. Die beroemde atleet Michael Johnson het eenmaal gesê dit is eerder 'n reeks naellope met tydperke van intensiewe oefening en voorbereiding tussenin.

Besigheidsoorsig

Verkope en bedryfswins

Die jaar was gekenmerk deur 'n moeilike handelsomgewing, wat die bedrukte ekonomiese klimaat weerspieël het. Die Groep se resultate is positief beïnvloed deur die insluiting vir die eerste keer van die resultate van Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne, wat in Desember 2000 verkry is, vir 'n volle twaalf maande.

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m	
Verkope	3 860	3 684	+ 5%
Koste van verkope	(1 382)	(1 216)	
Bruto marge	2 478	2 468	
Netto bedryfsuitgawes	(1 996)	(1 756)	
Bedryfswins	482	712	– 32%

Verkope vir die jaar het met 5 persent gegroei. Op 'n soort-met-soort-grondslag, insluitende die volle jaar se verkope van die onlangs verkreë horlosiehandelsmerke in albei tydperke, het verkoopsinkomste met 1 persent gedaal.

Die Groep se brutomarge-persentasie het van 67.0 persent na 64.2 persent gedaal. Dit het die nadelige uitwerking van wisselkoersbewegings, veral die relatiewe versterking van die Switserse frank teenoor die Euro, weerspieël. Daarbenewens vind verkope van die drie horlosiehandelsmerke wat in Desember 2000 verkry is oorwegend deur middel van groothandelskanale plaas, wat klaarblyklik 'n laer brutomarge-persentasie as die kleinhandelsbesigheid het.

Bedryfsuitgawes was aansienlik hoër, wat investerings in die kleinhandel-verspreidingsnetwerk, in bemarking en kommunikasie en in die steuninfrastruktuur

Klere en ander	618	579	+ 7%
	3 860	3 684	+ 5%

'n Verlangsaming in verkope van duur juweliersware, hoofsaaklik in Cartier, het tot 'n geringe daling in juwelierswareverkope oor die algemeen gelei. Van Cleef & Arpels het ook 'n geringe daling in verkope ondervind.

Horlosieverkope, insluitende die uitwerking van die drie onlangs verkreë handelsmerke, het met 9 persent gegroei. Op 'n soort-met-soort-grondslag, insluitende die drie maatskappye se verkoopsyfers vir die volle twaalf maande in albei tydperke, was horlosieverkope ongeveer 4 persent benede die vorige jaar se vlak. Verkope van die duurder goue- en juwelierswarehorlosiereekse het oor die algemeen effens beter gevaar as die mark vir staal- en staal-en-goud-horlosies.

Voortgesette groei in verkope van Montblanc se leergoedereekse het die uitwerking van die algemene afswaai in reisverwante besigheid geneutraliseer. Wat skryfinstrumente betref, het 'n uitstekende prestasie deur Montblanc, wat deels met die groei van sy kleinhandelsnetwerk verband gehou het, gehelp om by te dra tot groei van 8 persent vir die Groep in sy geheel. Hoewel mansklereverkope swak was, het toenames in reukwater- en brilverkope meer as vergoed vir die tekort.

Verkope volgens streek

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m	
Europa	1 710	1 508	+ 13%
Asië	1 454	1 436	+ 1%
Japan	744	722	+ 3%
Asië-Stille Oseaan	710	714	– 1%
Amerikas	696	740	– 6%
	3 860	3 684	+ 5%

Europese verkope as 'n gedeelte van die Groep se totale verkope het van 41 persent tot 44 persent gedurende die jaar toegeneem.

Ongeveer 11 persent van die totale groei in Europese verkope van 13 persent was toeskryfbaar aan die insluiting van die drie onlangs verkreë horlosiehandelsmerke vir die volle twaalfmaande-tydperk en die res verteenwoordig onderliggende groei. Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne het histories 'n baie sterk verkoopsbasis in Europa, maar daar word verwag dat dié gewigsverdeling met verloop van die jare sal verander omdat hulle verspreiding en bemarking in ander markte toenemend baat sal vind by die assosiasie met Richemont.

Verkope in Japan het effens gegroei gedurende die jaar, want die betreklik sterk groei in die binnelandse vraag van ongeveer 12 persent is deur 'n 10-persent-verswakking van die jen teenoor die Euro geneutraliseer. In die res van Asië het verkope oor die algemeen met die vorige jaar se vlakke ooreengestem.

Die grootste daling in verkope het in die Amerikas plaasgevind, omdat die gebeurtenisse van 11 September die reeds negatiewe ekonomiese klimaat vererger het. Die afgelope jaar was verkope ongeveer 6 persent laer met verkope in die Amerikas wat vir 18 persent van die wêreldwye totaal, vergeleke met 20 persent in die vorige jaar, verantwoordelik was.

Verkope volgens verspreidingskanaal

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m	
Kleinhandelsverkope	1 590	1 647	– 3%
Groothandelsverkope	2 270	2 037	+ 11%
	3 860	3 684	+ 5%

Toeskryfbare wins van die moeder-maatskappy en sy filiale	331	528
Aandeel van toeskryfbare wins van geassosieerdes:	495	440
British American Tobacco	495	473
Hanover Direct	–	(33)
Toeskryfbare wins van die Groep	826	968
Verdienste per eenheid – basies	€1.479	€1.737
Verdienste per eenheid – ten volle verwater	€1.463	€1.714

Die netto beleggingsuitgawe was €46 miljoen vergeleke met netto rente-inkomste van €8 miljoen in die vorige jaar. Gedurende die vorige jaar het die Groep vir 'n aantal maande rente op die kontantopbrengs van die Vivendi-verkoop en die aflossing van die eerste deel van voorkeuraandele in BAT tot die verkryging van die drie horlosiehandelsmerke in Desember 2000 verdien. 'n Dividend van €18 miljoen is ook ontvang voor Vivendi verkoop is. In die jaar onder oorsig was die Groep in 'n netto leenposisie.

Verdienste per eenheid

As gevolg van die 100-vir-1-verdeling van Richemont-eenhede op 12 November 2001 is basiese verdienste per eenheid bereken met verwysing na die geweegde gemiddelde getal eenhede uitstaande gedurende die tydperk van 558.3 miljoen (2001: 557.4 miljoen) eenhede en die toeskryfbare wins van die Groep op 'n aangepaste grondslag van €826 miljoen (2001: €968 miljoen) vir die jaar. Die getal eenhede uitstaande hou rekening met die uitwerking van die Groep se terugkoopprogram.

Ten volle verwaterde verdienste per eenheid vir die jaar word bereken met verwysing na 574.2 miljoen eenhede uitstaande (2001: 574.2 miljoen eenhede) en toeskryfbare wins op 'n aangepaste grondslag vir die tydperk van €840 miljoen (2001: €984 miljoen). Dit weerspieël die veronderstelde bykomende rente van €14 miljoen (2001: €16 miljoen) wat aan die maatskappy sou toegeval het indien die volle getal eenhede gedurende die tydperk uitstaande was.

Geassosieerde maatskappye

Die Groep se aandeel van die resultate van sy geassosieerde maatskappye het met 13 persent tot €495 miljoen toegeneem. Die syfer ten opsigte van die jaar onder oorsig weerspieël net die Groep se aandeel van die resultate van sy 21%-investering in BAT terwyl die vorige jaar se syfer ook die Groep se aandeel van die verliese wat deur Hanover Direct gely is, ingesluit het. Die Groep verantwoord nie meer sy belang in Hanover Direct op die ekwiteitsgrondslag nie, omdat hy sy investering in die gewone aandele van daardie maatskappy na nul afwaarts gewaardeer het.

In Junie 2000 is Richemont se effektiewe belang in BAT van 23 persent na 21 persent verminder omdat die verkoopopsie ten opsigte van die helfte van die Groep se BAT-voorkeuraandelehouding uitgeoefen is. Die vergelykende syfers ten opsigte van die vorige jaar sluit dus 'n belang van 23 persent in BAT vir die eerste twee maande van die finansiële jaar en 'n belang van 21 persent daarna in, terwyl die Groep se aandeel van BAT se resultate vir die jaar onder oorsig op 'n belang van 21 persent vir die volle twaalfmaande-tydperk gegrond was.

BAT het 'n 15%-aandeel van die globale sigaretmark. Hy is die tweede grootste internasionale tabakmaatskappy en die markleier buite die Verenigde State. Die maatskappy het 'n indrukwekkende markposisie in Latyns-Amerika en 'n sterk posisie in alle ander streke. Met sy sterk breëbasis-portefeulje van internasionale, streeks- en plaaslike handelsmerke beskik BAT oor die platform om sy visie, naamlik om die leier in die globale tabakbedryf te word, te verwesenlik.

In die jaar tot 31 Desember 2001 het verskepings van BAT se sigarette met internasionale handelsmerke met 3 persent gegroei, maar totale groepvolumes van 807 miljard sigarette het met die vorige jaar se vlak ooreengestem. Europa het goeie groei van 7 persent opgeteken, hoofsaaklik in die Sentraal- en Oos-Europese markte, maar dit is deur klein dalings in die ander streke geneutraliseer. Ten spyte van plat verkoopsvolumes was netto inkomste 4 persent hoër op £12 039 miljoen en

vervolg

RICHEMONT

RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002 *(vervolg)*

toenames is in alle streke behalwe Asië-Stille Oseaan opgeteken. Benewens die toename in netto verkoopsinkomste het die skuif in handelsmerksamestelling tot die verbeterde bedryfswins en marge vergeleke met die vorige jaar gelei.

BAT se vier vernaamste globale handelsmerke, Lucky Strike, Kent, Dunhill en Pall Mall, het totale groei van meer as 10 persent behaal, en die 'ligte' vermengings het met 11 persent gegroei. Strategies gaan BAT voort om sy handelsmerksamestelling na winsgewender segmente van die tabakmark, te wete die internasionale en duur handelsmerke, 'ligte' sigarette en die 'volwassenes onder 30'-kategorie, te verskuif. Dit het 'n voordelige uitwerking op bedryfswins en marges gehad.

Verdienste per aandeel op 'n aangepaste grondslag, wat deur BAT as die mees vergelykbare maatstaf van die maatskappy se prestasie beskou word, het met 9 persent in BAT se finansiële jaar geëindig 31 Desember 2001 en met 10 persent in die kwartaal geëindig 31 Maart 2002 toegeneem.

Gedurende die jaar onder oorsig het Richemont dividende van €228 miljoen in totaal as gevolg van sy investering in BAT ontvang.

Gekonsolideerde kontantvloeistaat

	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m
Bedryfswins	482	712
Depresiasie en ander nie-kontantitems	179	135
Toename in bedryfskapitaal	(375)	(270)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	286	577
Dividende van BAT ontvang	228	237
Opbrengste op beleggings en finansieringskostes	(54)	1
Belasting betaal	(180)	(149)
Netto verkrygings van eiendom, masjinerie en toerusting	(308)	(230)
Opbrengs uit aflossing van BAT-voorkeuraandele	–	741
Opbrengs uit verkoop van ander langtermynbates	14	1 191
Verkryging van filiaalondernemings	(151)	(2 028)
Ander verkrygings en beleggings	(30)	(103)
Netto kontantinvloei/(uitvloei) voor finansieringsaktiwiteite	(195)	237
Terugkoop van Richemont-eenhede	(52)	(142)
Dividende betaal	(168)	(134)
Ander finansieringsaktiwiteite	73	(48)
Wisselkoersuitwerking	(6)	3
Afname in kontant, kontantekwivalente en korttermynlenings	(348)	(84)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	(375)	(291)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	(723)	(375)

Die drawaarde van klandisiewaarde het gedaal as gevolg van die amortisasiedebiet vir die jaar, geneutraliseer deur klandisiewaarde voortspruitend uit die verkryging van filiaalondernemings, van €34 miljoen in totaal.

Netto lenings het met €408 miljoen toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van groter bedryfskapitaalvereistes en die kapitaalinvestering deur die Groep in sy kleinhandels- en vervaardigingsinfrastruktuur.

Veranderings in eenheidhouersfondse

Die onderstaande tabel toon die beweging in eenheidhouersfondse gedurende die jaar.

	31 Maart 2002 € m	31 Maart 2001 € m
Wins toeskryfbaar aan eenheidhouers op 'n aangepaste grondslag	826	968
Amortisasie van klandisiewaarde en waardedaling	(380)	(384)
Uitsonderlike items:		
– soos deur die moedermaatskappy en filiaalmaatskappye gerapporteer	–	722
– soos deur geassosieerde maatskappye gerapporteer	(18)	(42)
Wins toeskryfbaar aan eenheidhouers op 'n gerapporteerde grondslag	428	1 264
Dividende verklaar en betaal	(168)	(134)
Netto beweging ten opsigte van terugkoop van Richemont 'A'-eenhede	(7)	(130)
Omrekeningsverskille en ander aansuiwerings	(7)	5
Netto toename in eenheidhouersfondse	246	1 005
Eenheidhouersfondse aan die begin van die jaar	7 737	6 732
Eenheidhouersfondse aan die einde van die jaar	7 983	7 737

Eenheidhouersfondse het met €246 miljoen gedurende die jaar toegeneem en die toeskryfbare wins vir die jaar is deur die dividend wat verklaar is en sekere ander rekeningkundige aanpassings geneutraliseer.

Op die algemene jaarvergadering van aandeelhouers wat in September 2001 gehou is, is 'n dividend van €30 per eenheid (€0.30 per eenheid op 'n na-verdeling-grondslag) goedgekeur en €168 miljoen in totaal is op 1 Oktober 2001 aan eenheidhouers betaal.

Dividend

Die direksie het 'n dividend betaalbaar van €0.32 per eenheid voorgestel. Dit verteenwoordig 'n toename van 7 persent bo die €0.30 wat in Oktober 2001 aan eenheidhouers betaal is. Die dividend sal op 30 September 2002 betaalbaar wees.

Algemene jaarvergadering

Die algemene jaarvergadering van aandeelhouers van Compagnie Financière Richemont AG sal om 10:00 vm op Donderdag, 12 September 2002, in die 'Grosser Saal', Artherstrasse 2-4, 6300 Zug, gehou word.

Aantekening 1 – Amortisasie van klandisiewaarde

Die gerapporteerde resultate weerspieël die Groep se rekeningkundige beleid om klandisiewaarde deur middel van die gekonsolideerde wins-en-verliesrekening te amortiseer. Die debiet vir die amortisasie van klandisiewaarde op die vlak van voorbelastingwins vir die jaar was €182 miljoen. 'n Bykomende debiet vir die amortisasie van klandisiewaarde van €200 miljoen ontstaan ten opsigte van die Groep se belang in sy geassosieerde maatskappy, BAT. Die amortisasie van klandisiewaarde toeskryfbaar aan minderheidsbelange hou verband met Van Cleef & Arpels.

Aantekening 2 – Uitsonderlike items

Daar is geen uitsonderlike items in die jaar onder oorsig nie.

Die uitsonderlike items wat in die jaar geëindig 31 Maart 2001 verskyn, het die volgende behels:

a Wins by gedeeltelike verkoop van BAT-voorkeuraandele

Die uitsonderlike wins van €189 miljoen het Richemont se wins by die gedeeltelike verkoop van sy BAT-voorkeuraandeelhouding verteenwoordig. Ingevolge die *samesmeltingsooreenkoms* tussen Richemont, Remgro Beperk (Remgro is die opvolgermaatskappy van die voormalige Rembrandt Groep Beperk) en BAT, is tot die helfte van die omskepbare aflosbare voorkeuraandele op 7 Junie 2000 vir kontant teen 'n vaste prys van £5.75 per aandeel afgelos. Gevolglik het Richemont en Remgro 120.8 miljoen omskepbare aflosbare voorkeuraandele in totaal afgelos, wat 'n kontantbetaling aan Richemont van £463 miljoen of €741 miljoen op 7 Junie 2000 tot gevolg gehad het. Die wins is bereken op die grondslag van die aflossingsopbrengs min die waarde van die aandeel van BAT se netto bates wat op die datum van die transaksie aan die voorkeuraandeelhouding toeskryfbaar was tesame met klandisiewaarde en koste wat daarmee verband hou. Op 'n gekonsolideerde grondslag was daar geen belastinguitwerking nie.

b Wins by verkoop van die investering in Vivendi

Die uitsonderlike wins het Richemont se wins by die verkoop van sy aandeelhouding van 17.5 miljoen aandele in Vivendi verteenwoordig. Die wins van €533 miljoen is bereken met verwysing na die opbrengs min die drawaarde van Vivendi tesame met koste wat daarmee verband hou. Op 'n gekonsolideerde grondslag was daar geen belastinguitwerking nie.

Aantekening 3 – Verdienste per eenheid op 'n gerapporteerde grondslag

	Maart 2002	Maart 2001
Verdienste per eenheid op 'n gerapporteerde grondslag		
– basies	€ 0.767	€ 2.269
– ten volle verwater	€ 0.770	€ 2.231

Basiese verdienste per eenheid word bereken met verwysing na die geweegde gemiddelde getal eenhede uitstaande gedurende die jaar van 558.3 miljoen eenhede (2001: 557.4 miljoen) en die toeskryfbare wins van die Groep van €428 miljoen vir die jaar (2001: €1 264 miljoen). Die getal eenhede uitstaande hou rekening met die uitwerking van die Groep se terugkoopprogram.

Ten volle verwaterde verdienste per eenheid word bereken met verwysing na 574.2 miljoen eenhede uitstaande (2001: 574.2 miljoen eenhede) en toeskryfbare wins vir die jaar van €442 miljoen (2001: €1 280 miljoen). Dit weerspieël die veronderstelde bykomende belang van €14 miljoen (2001: €16 miljoen) wat aan die maatskappy aan toegevoeg het indien die volle getal aandele gedurende die

Die netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite het €286 miljoen vir die jaar bedra. Die algemeen moeilike handelsomgewing en die tekort in verkope vergeleke met beplande vlakke het tot 'n toename in bedryfskapitaal gelei.

Die dividende wat van BAT ontvang is, behels die finale dividend ten opsigte van BAT se finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000 en die tussentydse dividend ten opsigte van die 2001 finansiële jaar.

In die vorige finansiële jaar het die Groep die helfte van sy BAT-voorkeuraandeelhouding aan daardie maatskappy terugverkoop ingevolge die ooreenkoms met betrekking tot die samesmelting van BAT en Rothmans International. Die gevolglike opbrengs uit dié transaksie het €741 miljoen in totaal bedra. Die verkoop van ander langtermynlaste in die vorige jaar het die verkoop van die Groep se belang in Vivendi, wat 'n opbrengs van €1 176 miljoen gerealiseer het, ingesluit.

Die verkryging van filiaalondernemings het €151 miljoen vir die jaar bedra en het hoofsaaklik bestaan uit 'n verdere 20%-belang in Van Cleef & Arpels wat die Groep gekoop het en die verkryging van Petitjean, 'n Switserse vervaardiger van horlosiekomponente. In die vorige finansiële jaar het Richemont die verkryging van Jaeger-LeCoultre, IWC en A. Lange & Söhne vir 'n totale teenprestasie van €1 982 miljoen afgehandel.

Gedurende die jaar het die Groep 2 miljoen Richemont-eenhede teen 'n verkrygingskoste van €52 miljoen gekoop om verpligtinge voortspruitend uit die Groep se langtermyn eenheidgebaseerde vergoedingskemas vir uitvoerende beamptes te verskans. In die vorige jaar het die Groep 5 miljoen eenhede teen 'n koste van €142 miljoen teruggekoop.

Gekonsolideerde balansstaat

	31 Maart 2002 € m	31 Maart 2001 € m
Langtermynbates		
Eiendom, masjinerie en toerusting	903	691
Investering in geassosieerde maatskappy	638	507
Ander langtermynbates	470	399
	2 011	1 597
Netto bedryfskapitaal	1 956	1 438
Netto bedryfsbates	3 967	3 035
Klandisiewaarde	5 730	6 036
Netto lenings	(1 456)	(1 048)
Kontant, kontantekwivalente en korttermynlenings	(723)	(375)
Langtermynlenings	(733)	(673)
Ander langtermynlaste	(176)	(161)
	8 065	7 862
Kapitaal aangewend		
Eenheidhouersfondse	7 983	7 737
Minderheidsbelange	82	125
	8 065	7 862

Die toename in eiendom, masjinerie en toerusting van €212 miljoen in totaal verteenwoordig hoofsaaklik verdere investering in die Groep se kleinhandelsnetwerk en horlosievervaardigingsfasiliteite, na aftrekking van die depresiasiedebiet vir die jaar.

Die investering van €638 miljoen in geassosieerde maatskappye verteenwoordig die Groep se aandeel van die netto tasbare bates van BAT. Van die totale klandisiewaardesyfer van €5 730 miljoen hou €2 560 miljoen verband met die Groep se investering in BAT. Die drawaarde van die Groep se investering in BAT bedra dus in totaal €3 198 miljoen. Ander langtermynbates sluit uitgesteldebelasting-bates, beleggings, versamelstukke en ontvangbare rekenings ten opsigte van eenheidkoopskemas in.

Nikolaus Senn
Voorsitter

Johann Rupert
Hoof Uitvoerende Beampte

Compagnie Financière Richemont AG

Zug, 6 Junie 2002

Aanhangsel 1

Gekonsolideerde wins-en-verliesrekening op 'n gerapporteerde grondslag

	Aant.	Maart 2002 € m	Maart 2001 € m
Bedryfswins		482	712
Amortisasie van klandisiewaarde	1	(182)	(119)
Uitsonderlike items	2	–	722
Wins voor netto beleggingsuitgawe en belasting		300	1 315
Netto beleggings(uitgawe)/inkomste		(46)	8
Wins voor belasting		254	1 323
Belasting		(107)	(191)
Wins na belasting		147	1 132
Minderheidsbelange		4	2
Toeskryfbare wins van moedermaatskappy en filiale		151	1 134
Aandeel van toeskryfbare wins van geassosieerdes		277	130
Aandeel van toeskryfbare wins op 'n aangepaste grondslag		495	440
Klandisiewaardedebiet ten opsigte van geassosieerdes		(200)	(268)
Aandeel van uitsonderlike items deur geassosieerde gerapporteer		(18)	(42)
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n gerapporteerde grondslag	3	428	1 264
Hier volg 'n samevatting van die uitwerking van die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items op wins toeskryfbaar aan eenheidhouers:			
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n gerapporteerde grondslag		428	1 264
Uitskakeling van klandisiewaardedebiet	1	380	384
Deur moedermaatskappy en filiale gerapporteer		182	119
Ten opsigte van geassosieerdes		200	268
Minderheidsbelange		(2)	(3)
Uitskakeling van uitsonderlike items	2	18	(680)
Wins by gedeeltelike verkoop van BAT-voorkeuraandele		–	(189)
Wins by verkoop van Vivendi		–	(533)
Aandeel van uitsonderlike items deur BAT gerapporteer		18	42
Toeskryfbare wins van die Groep op 'n aangepaste grondslag		826	968

die maatskappy sou toegeval het indien die volle getal aandele gedurende die tydperk uitstaande was.

Aanhangsel 2

Wisselkoerse wat by die opstelling van hierdie dokumente gebruik is

Die resultate van die Groep se filiale en geassosieerdes, wat nie in euro verslag doen nie, is teen die volgende gemiddelde wisselkoerse in euro omgereken. Hierdie maatskappye se balansstate is teen die sluitingswisselkoerse wat hieronder uiteengesit word, omgereken.

Gemiddelde wisselkoerse teenoor die euro	Jaar tot Maart 2002	Jaar tot Maart 2001
VS-dollar	0.89	0.91
Japannese jen	110.64	100.38
Switserse frank	1.50	1.54
Pond sterling	0.62	0.61
Sluitingswisselkoerse teenoor die euro	**31 Maart 2002**	**31 Maart 2001**
VS-dollar	0.87	0.87
Japannese jen	115.43	110.44
Switserse frank	1.47	1.52
Pond sterling	0.61	0.62

Aantekeninge vir Suid-Afrikaanse lesers

Omdat daar besef word dat Suid-Afrikaanse beleggers in Richemont se resultate belang stel, word die vernaamste syfers uit die resultate van albei jare, in rand uitgedruk, hieronder verstrek. Die heersende gemiddelde euro/rand-wisselkoers gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2002 was 8.4391, vergeleke met 'n koers van 6.6438 gedurende die vorige jaar.

	Maart 2002 Rand	Maart 2001 Rand	
Verkope	32 575 m	24 476 m	+ 33%
Bedryfswins	4 068 m	4 730 m	– 14%
Toeskryfbare wins			
– moedermaatskappy en filiale	2 793 m	3 508 m	– 20%
– aandeel van geassosieerde maatskappye	4 177 m	2 923 m	+ 43%
– die Groep	6 971 m	6 431 m	+ 8%
Verdienste per depositobewys			
– basies	1.248	1.154	+ 8%
– ten volle verwaterde grondslag	1.235	1.139	+ 8%

Richemont Securities AG-depositobewyse word onderworpe aan die bepalings van die Deposito-ooreenkoms gedateer 25 Augustus 1988, soos op 18 Desember 1992 en 28 September 2001 gewysig, uitgereik en beleggers erken, deurdat hulle depositobewyse hou, dat hulle deur die bepalings van die Deposito-ooreenkoms gebind word. Beleggers kan afskrifte van die Deposito-ooreenkoms van Richemont Securities AG of Computershare Investor Services Beperk verkry.

Afskrifte van die Richemont jaarverslag sal in middel-Julie beskikbaar wees by:
Rand Aksepbank, Hoek van Fredmanrylaan en Rivoniaweg, Sandton, 2196.
Telefoon: +27 11 282 8252
Telefaks: +27 11 282 8215 en vanaf
Richemont se
webblad by www.richemont.com

Richemont Securities AG
Aandelekode: RCH ISIN: CH0013157380

Zug, 6 Junie 2002

FCB JonsSons